higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2

(5050032)

24 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

310Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK
TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n Redelik permanente verandering in gedrag as gevolg van ervaring staan bekend as ...

A denke
B reaksie
C leer
D onderrig

1.1.2 ’n Gebeurtenis wat die gedrag verswak wat dit voorafgaan, is …

A negatiewe versterker
B straf
C gekondisioneerde stimulus
D vertraagde versterker

1.1.3 Kansellasie van die bestuurderslisensie van ’n roekelose bestuurder is daarop gerig om as … te dien.

A negatiewe versterking
B positiewe versterking
C negatiewe straf
D positiewe straf

1.1.4 Die herroeping van leer ná verloop van tyd hang grootliks van ... af.

A die reeksposisie-effek
B proaktiewe interferensie
C visuele enkodering
D die geheue

1.1.5 Belangrike tipes leer wat deur gedragsielkunde beskryf word, is:

A klassieke kondisionering, operante kondisionering, en waarnemingsleer.
B klassieke kondisionering, operante kondisionering, en effektiewe leer.
C klassieke kondisionering, operante kondisionering, en aktiewe leer.
D klassieke kondisionering, operante kondisionering, en motiveringsleer.

1.1.6 Leer deur middel van *leer en probeer* staan bekend as ...

A klassieke kondisionering
B operante kondisionering
C positiewe versterking
D stimulus

1.1.7 Effektiewe leer deur studente kan in die volgende omstandighede plaasvind:

A ’n Streng opvoeder wat nie studente toelaat om haar te leer ken nie.
B ’n Omgewing wat nie leerders toelaat om te praat nie.
C Koesterende omgewing waar studente gemaklik voel
D ’n Onderwyser wat hom of haar nie aan studente se behoeftes steur nie

1.1.8 Habituering behels om van (’n) … te leer.

A veelvuldige stimuli
B enkele stimulus
C enkele respons
D veelvuldige response

1.1.9 Nuwe kennis word verwerf deur middel van ...

A oordrag van kennis
B memorisering
C ervaring en soeke na nuwe betekenisse
D bestaan van ’n groep idees

1.1.10 Die definisie van kognisie …

A het met fisieke ontwikkeling te make.
B is probleemoplossingsvaardighede.
C het te make met kennis, begrip en intellektuele groei
D is om alleen te speel.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Sielkunde is die wetenskaplike studie van menslike fisiologie.

1.2.2 Leer hang af van spesifieke ervarings wat ’n persoon beleef.

1.2.3 Kognitiewe sielkunde is gebaseer op die manier waarop mense ander mense se reaksies waarneem.

1.2.4 Selfregulerende leer verwys daarna hoe jou brein jou gedrag na denke selfreguleer.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Die ouditiewe leerstyl bestaan uit mense wat voorberei deur eerder woorde as klank te gebruik.

1.2.6 ’n Positiewe leeromgewing is een wat studente in staat stel om gemaklik en selfversekerd as leerders te voel.

1.2.7 Goeie onderrigmetode behels om studente te motiveer om nie slegs te leer nie, maar hulle te leer hoe om te leer, en om dit op ’n sinvolle wyse te doen.

1.2.8 ’n Sielkundeteorie is ’n feitgebaseerde idee wat ’n verskynsel van menslike gedrag beskryf.

1.2.9 ’n Leerder is iemand wat daarna streef om ’n graad te slaag.

1.2.10 Die rol van onderwyser is dikwels formeel en word by ’n plek van formele onderwys uitgevoer.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Die grootste deel van die brein	A	temporale
1.3.2	Die agterkant van die brein	B	frontale lob
1.3.3	Die lob wat naby die oor geleë is en gehoor beheer	C	pituïtêre klier
1.3.4	Die oksipitale lob beheer ...	D	medulla oblongata
1.3.5	Hierdie lob is in die voorkop geleë	E	serebrum
1.3.6	Dit is onder die pons geleë	F	pons
1.3.7	Stel hormone vry en reguleer endokriene kliere	G	hipotalamus
1.3.8	Dit is verantwoordelik vir slaap, loop, droom, en so meer.	H	serebellum
1.3.9	Betrokke by die berging van nuwe inligting in die geheue	I	visie
1.3.10	Reguleer liggaamstemperatuur	J	rugmurg
		K	hippokampus
		L	agterbrein

(10 × 1) (10)

[30]

VRAAG 2

Die agtjarige Sammy het geleer om sy kamer gereeld op te ruim. Hy het geleer dat hy elke keer wat hy sy kamer opruim, beloon word met ekstra tyd voor die televisie om sy gunstelingstrokiesprent, Cocomelon, te kyk.

2.1 Identifiseer die tipe kondisionering in hierdie scenario wat help om Sammy se gedrag te vorm. (2)

2.2 Beveel DRIE maniere aan waarop 'n persoon wat met studente werk positiewe straf kan gebruik om gedrag te beïnvloed. (6)

2.3 Identifiseer watter van die volgende stellings negatiewe versterking, positiewe versterking en negatiewe straf beskryf:

2.3.1 Bob was die skottelgoed sodat sy ma kan ophou kla.

2.3.2 Om 'n koeldrank te kry nadat jy geld in 'n muntoutomaat geplaas het.

2.3.3 Nadat Lee geweier het om sy kamer op te ruim, het sy ma sy slimfoon weggeneem.

(3 × 2) (6)

2.4 In 'n balletklas dien die instrukteur as 'n lewende model deur aan die meisies bewegings te wys wat hulle moet naboots en oefen. Dit is 'n voorbeeld van leer deur middel van modellering.

Definieer *modellering*. (2)

2.5 Gee DRIE voorbeelde van die modellering-onderrigstrategie wat jy kan gebruik om leer in jou Graad RR-klas te beïnvloed. (3 × 2) (6)

2.6 Bespreek TWEE voordele van waarnemingsleer. (2 × 2) (4)

2.7 Gebruik TWEE voorbeelde om *informele leer* te beskryf. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 3

As jy jouself ken, verstaan jy wat jou motiveer om slegte gewoontes te weerstaan en goeie gewoontes aan te leer. Jy sal die insig hê om te weet watter waardes en doelstellings jou wilskrag aktiveer.

3.1 Gee DRIE redes waarom dit belangrik is om jouself te ken. (3 × 2) (6)

3.2 Waarom is selfbewussyn belangrik vir studente wanneer hulle 'n loopbaan kies? Gee TWEE redes. (2 × 2) (4)

3.3 Noem DRIE maniere waarop lae eiewaarde die leerproses kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

3.4 Gee DRIE motiveringslagspreuke of -boodskappe wat jou inspireer. (3 × 2) (6)

3.5 Gee VIER eienskappe van selfmotivering. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

Ek sou myself beskryf as 'n eerlike, gedrewe en energieke individu, wat altyd gereed is vir 'n volgende uitdaging. Dit boemerang soms, omdat ek geneig is om te veel werk te aanvaar, en dan sukkel ek om die spertye te haal, of ek voel oorwerk (ten spyte van my hoë energievlakke).

4.1 Identifiseer TWEE belangrike persoonlikheidseienskappe van die persoon uit die bostaande scenario. (2 × 2) (4)

4.2 Noem VIER eienskappe van geaardheid of temperament. (4)

4.3 Beskryf VIER verskillende tipes geaardhede. (4 × 2) (8)

4.4 Beskryf die eienskappe van elke individu hier onder en verduidelik hoe elkeen leer benader:

4.4.1 Die idealis

4.4.2 Die rasionalis

4.4.3 Die ambagsman

(3 × 2) (6)

4.5 Verduidelik die verskille in persoonlikheid en temperament onder die volgende opskrifte:

4.5.1 Ekstroversie teenoor introversie

4.5.2 Denkers teenoor sentimentaliste

(2 × 4) (8)

[30]

VRAAG 5

Wanvoeding is 'n risikofaktor vir die ontwikkeling van leergestremdhede. Lae geboortegewig, wat die gevolg van swak moederlike voeding kan wees, kan ook die risiko verhoog om neurologiese toestande te ontwikkel.

5.1 Noem DRIE risikofaktore behalwe wanvoeding wat 'n mens se breinaktiwiteit negatief kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

5.2 Verduidelik TWEE dinge wat sal verseker dat jou brein gesond en aktief bly. (2 × 2) (4)

5.3 Noem enige VIER sintuie wat mense kan gebruik om die wêreld om hulle te verstaan. (4)

5.4 Gee die SES vlakke in die kognitiewe domein, soos in Bloom se taksonomie uiteengesit. (6)

5.5 Beskryf die verskil tussen *hoërorde-denke* en *laerorde-denke*. (2 × 2) (4)

5.6 Verduidelik die betekenis van *persepsie*. (2)

5.7 Identifiseer TWEE belangrike tipes perseptuele leerprobleme. (4)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou